# Lesing 48 - 30 April 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Haggai 1-2

2 So spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag: Hierdie volk sê: Nog het die tyd nie gekom, **die tyd dat die Huis van JaHWeH gebou moet word nie.**

3 So het die Woord van JaHWeH dan gekom deur die diens van die profeet Haggai en gesê:

4 Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, **terwyl hierdie Huis in puin lê**?

8 **Klim op die berg** en bring hout aan **en bou die Huis**; dan sal Ek 'n welgevalle daaraan hê en My gewigtig maak, sê JaHWeH.

9 Julle het uitgesien na baie, en kyk, sy het min geword; en julle het haar in die Huis gebring, maar **Ek het haar weggeblaas.** Waarom? spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag. **Ter wille van My Huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop**.

10 Daarom het die **Hemele bo julle** die **Dou** ingehou en die **Aarde het haar opbrengs teruggehou**.

11 En Ek het droogte oor die Aarde geroep en oor die berge en oor die koring en oor die wyn en oor die olie en oor alles wat die Adamah[adamiet se Aarde] oplewer; en oor die adamiete en oor die diere en oor alle arbeid van die handpalms.

14 En JaHWeH het die **gees van Serubbábel**, die seun van ShealtiEl, die goewerneur van JeHûWdah, en die **gees van JeHôWshua**, die seun van JeHôWtsadok, die hoëpriester, en die **gees van die hele oorblyfsel** van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en **die werk begin aan die Huis van JaHWeH** van die skeppings-leërmag, hulle Elohey.

**Haggai 2:3** Wie is onder julle nog oor wat **hierdie Huis in sy vroeëre Glansrykheid gesien het?** En hoedanig sien julle hom nou? Lyk hy nie net soos niks in julle oë nie?

Hag 2:4 Nou dan, **skep moed**, Serubbábel, spreek JaHWeH, en **skep moed**, JeHôWshua, hoëpriester, seun van JeHôWtsadok, en **skep moed**, julle almal, **volk van die Aarde**, spreek JaHWeH, en werk! Want Ek is met julle, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag,

5 **met betrekking tot die Verbond** wat Ek met julle gesluit het by julle uittog uit die Aarde van Egipte, en **My Gees sal in julle midde bestendig bly;** wees nie bevrees nie!

9 Die **toekomstige Glansrykheid van hierdie Huis** sal groter wees as die vroeëre, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag; en **op hierdie plek sal Ek Vrede gee,** spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag.

18 Merk tog op, van hierdie dag af aan, van die vier-en-twintigste dag van die negende [maand], naamlik **van die dag af toe hulle die fondament van die Huis van JaHWeH gelê het; merk op:**

23 In dié dag, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, sal Ek jou neem, Serubbábel, seun van ShealtiEl, My kneg, spreek JaHWeH, **en jou maak tot 'n seëlring, want jou het Ek verkies**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag. [Hooglied van Salomo 8:6]

Sagaria 1-4

1:14 Daarop sê die Boodskapper wat met my gespreek het: Roep en sê: So spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag: **Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met 'n groot ywer;**

16 Daarom, so sê JaHWeH: Ek wend My met Ontferming tot **Jerusalem; My Huis sal in haar gebou word,** spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en 'n **meetsnoer sal oor Jerusalem gespan word.**

17 Roep verder en sê: So spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag: My stede sal weer oorstroom wees van suiwer dinge, en **JaHWeH sal Sion weer vertroos, en Hy sal Jerusalem weer verkies**.

**Sagaria 2:7** Op, o **Sion**, red jouself, jy wat woon by die dogter van Babel!

8 Want so sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: Hy het My gestuur agter glorie aan na die nasies wat julle uitgebuit het; **want wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan.** [Boekrol van Henog 100:5]

10 **Jubel, en wees bly, o Dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om in Jou midde te woon, spreek JaHWeH.**

11 En **baie nasies** sal hulle in dié dag by JaHWeH aansluit, en hulle sal My tot **'n volk** wees; en **Ek sal in Jou midde woon**. Dan sal Jy weet dat JaHWeH van die skeppings-leërmag My na Jou gestuur het.

12 En JaHWeH sal besit neem van **JeHûWdah as Sy Erfdeel oor die Adamah [die adamiet se Aarde] van die Apartheid en Jerusalem weer verkies**.

13 Swyg alle vlees voor die Aangesig van JaHWeH! Want Hy verhef Hom uit die **woning van Sy Apartheid**.

**Sagaria 3:1** DAARNA het Hy my **JeHôWshua, die hoëpriester,** laat sien, terwyl hy voor die Boodskapper van JaHWeH staan, en die Satan aan Sy regterhand staan om hom aan te klae.

2 Toe sê JaHWeH [aan] die Satan: Mag JaHWeH jou teregwys, o Satan! Ja, mag JaHWeH, wat Jerusalem verkies het, jou teregwys! Is hierdie een nie 'n **brandhout wat uit die vuur geruk is nie**?

3 En JeHôWshua was bekleed met **vuil klere**, terwyl hy voor die Boodskapper staan.

4 Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het die skuld van jou ongeregtigheid weggeneem, en **Ek beklee jou met feesklere.** [Odes van Salomo 1]

5 Daarop sê ek: Laat hulle 'n **suiwer tulband** op sy hoof sit. En hulle het die suiwer tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die

Boodskapper van JaHWeH daarby staan. [Exodus 28:36; Odes van Salomo 9:8 - 9; DaniEl 3:21]]

6 En die Boodskapper van JaHWeH het JeHôWshua plegtig verseker en gesê:

7 So sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: As jy in My Weë wandel en as jy My Verordening onderhou, dan **sal jy My Huis bestuur** sowel as My voorhowe bewaak, en Ek sal jou **vrye toegang verleen** onder diegene wat [hier] staan.

8 Luister tog, o **JeHôWshua**, jy wat die hoëpriester is, **jy en jou vriende** wat voor jou sit - ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal **My Kneg, die Spruit**, laat kom!

9 Want kyk, die Steen wat Ek voor JeHôWshua neergelê het - op die een Steen is daar **sewe Oë**; kyk, **Ek sal haar gravering oopmaak**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en Ek sal die skuld van ongeregtigheid van hierdie Aarde op een dag uitdelg. [Exodus 28:38]

**Sagaria 4:1** EN die Boodskapper wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word.

2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: **Ek sien daar 'n kandelaar, alles van haar [is] van goud, en haar oliekan bo-oor haar en haar sewe lampe op haar; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor haar is.**

3 **Ook twee Olyfbome teen haar, een aan die regterkant van die oliekan en een aan haar linkerkant**. [Openbaring 11:4]

4 Daarop het ek begin spreek en aan die Boodskapper wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my meester?

6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die Woord van JaHWeH aan Serubbábel, naamlik: **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees,** sê JaHWeH van die skeppings-leërmag.

7 Wie is jy, **groot berg**? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die **Hoofsteen te voorskyn bring** onder uitroepe van: Barmhartigheid, Barmhartigheid vir haar!

8 En die Woord van JaHWeH het tot my gekom en gesê:

9 **Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie Huis gelê, en sy hande sal hom voltooi**; dan sal jy weet dat JaHWeH van die skeppings-leërmag My na julle gestuur het.

10 Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe **- die Oë van JaHWeH wat die ganse Aarde deurloop - met Blydskap die Steen wat smelt aanskou in die hand van Serubbábel**?

11 Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: **Wat beteken hierdie twee Olyfbome** aan die regterkant van die kandelaar en aan haar linkerkant?

12 En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: **Wat beteken die twee Olyftakkies** aan die kant van die twee goue pype wat goud uit hulle laat uitstroom?

13 Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my meester.

14 En hy sê: **Dit is die twee gesalfdes wat by My Meester van die ganse Aarde staan**. [NegemJaH 9:20, 30; Openbaring 11]

